Maak só jou eie hooivoerder

deur **Theresa Odendaal**

Dit is weer winter en die weiding is min in die grootste gedeelte van ons land. Perde-eienaars moet die hand diep in die sak steek om addisionele hooi aan te koop. Dit geld vir almal, of jou perd nou gestal word of nie, want bedags loop die meeste perde steeds in kampe.

Dit is altyd 'n probleem om hope hooi uit te gooi, of daar nou een of tien perde in die kamp is, want vroeër of later is die hooi in die grond vertrap en het elke perd sy besigheid daarop gaan doen. Verder waai die wind ook nog die hooi die hele wêreld vol. Dit beteken dat bykans die helfte van alle hooi wat uitgegooi is, vermors word.

Dit is nie net 'n praktiese probleem nie, maar ook 'n baie duur een, want of dit nou 'n groot ronde baal is wat uitgesit is, of kleiner bale wat oopgebreek is, die vermorsing en die koste daaraan bly groot.

Wat hooinette betref, bly dit moeilik om 'n aantal perde wat in dieselfde kamp loop elk sy eie hooinet te gee. Daar is diegene wat beweer dat die onnatuurlike eetposisie wat 'n hooinet aanmoedig allerhande fisiese probleme vir perde kan inhou, onder meer dat dit die oneweredige afslyting van die tande veroorsaak. Verder is daar die gevaar dat perde hulle voete daarin vasgevang kan kry en hulleself ernstig kan beseer. Om dit te verhoed, hang party mense die nette hoog, maar dit het weer ander probleme tot gevolg – onder meer sade wat in die oë kan val. Vir groot groepe perde is dit in elk geval te arbeidsintensief.

Maar moenie moed verloor nie, daar is 'n maklike, praktiese en goedkoop oplossing – maak jou eie hooivoerder:

- Neem 'n strook rubbervervoerband van min of meer 1 m breed (vir enkel perde kan dit gehalveer word na 0,5 m, omdat dit dan minder hooi hou) en sowat 2,5 m* lank en 1,5-2 cm dik. Die vervoerband is verkrygbaar by die meeste verskaffers van rubbermatte
- Boor gaatjies oormekaar in die kort kante, waardeur 'n skroef kan pas
- Vou dit in die rondte (maak 'n ring) en heg die twee kort kante aanmekaar met skroewe en boute deur die gate wat daarvoor geboor is. Sit 'n wasser aan elke kant om te verseker dat dit nie gaan uitskeur nie en saag die skroefpunte gelyk met die bout af sodat dit nie die perde kan beseer nie. (Sien die aanhegting in die foto)
- Dit is nou 'n ringvormige houer van 1 m of 0,5 m hoog
- Sit dit in die kamp en gooi die hooi daarin uit
- Omdat die vervoerband van rubber is kan dit buig soos die perde daaruit eet en met hul nekke daarteen druk. Dit kan nie die perde beseer of skaaf nie en hulle kan tot onder al die hooi bykom. Daar is geen vloer nie, wat beteken dat al sou dit reën, is daar geen dreineringsprobleme nie
- Die houers is maklik om te skuif en in groot kampe met baie perde kan 'n paar houers neergesit word om onderonsies uit te skakel.

'n Maklike, veilige manier om hooi te voer

**Die lengte van die vervoerband bepaal die omtrek van die sirkel. Om die houer te vergroot, kan die lengte net vermeerder word, maar onthou net, as dit te groot raak, gaan die hele houer inmekaar sak.* SAH*